

STRANDBEWUSTHEID (C)

Graad 7



A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Met 'n elementêre kennis van die strand toe te rus sodat hy die strand en die see beter verstaan.
2. 'n Liefde en waardering daarvoor te laat ontwikkel.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet saam met sy span:

1. Kennis maak met die strand:
 - Vasstel hoe die strand geografies ontwikkel het.
 - Vasstel waarom die strand klipperig en soms rotsagtig is.
 - Vasstel hoe sandduine gevorm word.
 - Vasstel wat die nut van duine is.
 - Vasstel of daar gehengel mag word.
2. 'n Strandervaring beleef:
 - Luister na die geluide op die strand.
 - Die strand in die aand besoek.
 - Die Suiderkruis in die sterrehemel soek en rigting daarvolgens bepaal.
 - Indien moontlik op die strand slaap.
3. Kennis maak met die plante- en dierelewe:
 - Plantelewe op die strand.
 - Plantelewe in 'n rotspoel.
 - Plantegroei op die duine
 - Dierelewe op die strand.
 - Dierelewe in 'n rotspoel.
 - Dierelewe op die duine
4. Ten opsigte van getye kennis neem van:
 - Weet hoe getye ontstaan.
 - Die verskille tussen die getysesones.
 - Hoe om hoog- en laagwatergetye uit te werk.
5. Ten opsigte van paraatheid langs die see:
 - Minstens vyf veiligheidswenke vir die see en die strand ken.
 - Die nodige noodvoorraad vir 'n uitstappie langs die see bepaal.
 - Die volgende toestande kan behandel:
 - brand van 'n bloublasie.
 - vishoek in die voet.
 - sny- en skraapwonde op die rotse.
 - sonbrand.
 - Kennis dra van die gee en lees van noodoproep langs die strand.
 - Kennis dra van die prosedures en werkwyse van lewensredders.
6. 'n Elementêre kennis opdoen oor die verskillende soorte branders en hulle gevare:
 - Glybrander.
 - Rolbrander.
 - Valbrander.

- Eggobrander.
- Kruisbrande.
- Fratsbrande.

7. 'n Roetemars langs die see beplan met gebruikmaking van die nuutgevonde kennis.
8. Uiting gee aan die skeppingsdrang deur een van die volgende te doen:
 - Die lewe in 'n rotspoel vir ongeveer vyftien minute bestudeer en beskryf wat hy waargeneem het.
 - Voorwerpe langs die strand versamel om 'n handwerkartikel te maak.
 - 'n Mooi skets maak van iets uit die see of van 'n seetoneel.
 - 'n Gedig of lied oor die see skryf.
 - 'n Plakkaat maak wat die bewaring van die seelewe aanmoedig.
9. Kennis maak met twee seevoëlsoorte wat op die strand gevind word.
10. 'n Seekos gereg geniet.

C AANBIEDING

1. Vereiste 1 Geen wetenskaplike inligting oor die strand is hier nodig nie. Gee net genoeg verstaanbare inligting sodat dit die kind kan prikkel om later self meer te wil weet. Die beginsel wat hier geld is "bekend maak bemind".
2. Vereiste 2 Moenie te groot groepe of spanne neem vir hierdie ervaring nie, want dit mag die eintlike doel daarvan verongeluk.
3. Vereiste 3 Elementêre kennis is hier nodig. Besoek die strand, rotspoele en duine. Kinders moet tyd by die rotspoele deurbring onder toesig van die aanbieder.
4. Vereiste 4 Omdat dit so 'n belangrike eienskap van die see is, is dit nodig dat die kinders op 'n eenvoudige manier moet kennis opdoen hoe getye ontstaan, hoe dit die seelewe beïnvloed en hoe om te bepaal wanneer dit hoog- en laagwater is.
5. Vereiste 5.1 Bepaal deur middel van 'n spanbespreking die moets en moenies van die see en die strand.
6. Vereiste 5.2 Dit behels die saamstel van 'n lys.
7. Vereistes 5.3 en 5.4 Hierdie aspekte moet so prakties moontlik aangebied word. Waar moontlik moet die kinders die geleentheid kry om dit prakties te doen.
8. Vereiste 5.5 Die lewensredders kan genader word vir 'n bespreking.
9. Vereiste 6 Kennis hiervan is deels vir die interessantheid daarvan en deels om te weet dat dit dalk 'n lewe kan red. Moenie dit slegs teoreties doen nie, maar gaan see toe en laat die kinders die verskillende soorte branders identifiseer.
10. Vereiste 7 Gedurende die tog kan situasies geskep word waartydens die kind die geleentheid kry om die kennis wat hulle opgedoen het, toe te pas.
11. Vereiste 8 Elke kind kry die geleentheid om dit wat hy ervaar en beleef het op sy eie manier weer te gee. Moenie die afdeling as van minder belang beskou nie. Dit kan 'n baie mooi afsluiting van 'n geslaagde projek wees.
12. Stel vas watter voëlsoorte by die betrokke strand gevind sal word. Verkry interessante inligting omtrent die voëls asook prente. Geleentheid moet geskep word om die voëls in die natuur te identifiseer.
13. Die seekosgereg kan bloot die braai van vis wees of byvoorbeeld 'n mosselpotjie. Dit sal goed wees as die kind die vis of mossels self vang of uithaal.